# Kerk en volk in die bedeling na 1900

H J Botes
Naboomspruit

Abstract
Church and nation since 1900

In this study the history of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, during the first five decades of the twentieth century, is researched, with the purpose of identifying the role the church has played in the existence of the Afrikaner people.

## 1. INLEIDING

Die jare van 1900 tot vandag vorm 'n periode van 'n verbysterende veelheid en verwardheid van verskynsels. Daarom sal in hierdie artikel net die eerste vyf dekades van hierdie periode oorsigtelik onder die loep geneem word.

Ten aanvang moet gestel word dat daar met 'kerk', die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bedoel word, en met 'volk', die Afrikanervolk.

Hierby in aansluiting is dit ook belangrik om kursories aan te toon hoe die Nederduitsch Hervormde Kerk sy kerkwees in die periode verstaan het, veral in verhouding met die volk waaronder hy geleef en gewerk het. Botha (1989:7) verklaar dat '[d]ie Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kragtens sy geskiedenis 'n Christus-belydende volkskerk is en dit uit beginsel wil wees'. Volgens Pont (1986:6) dui die term 'volkskerk' 'n samevoeging van gesinne en families aan wie se kinders in die ruimte van die kerk gevorm word, gedoop word, groot word en mede-gevorm word deur die kategese van die kerk totdat hulle self belydenis van die geloof aflê om so mede-verantwoordelike gelowiges en lidmate te word. Omdat dit só is, beweer hy voorts, 'word die kerk wat uiterlike aanskyn betref, mede bepaal deur die taal, die kultuur en die lewenstyl van die volk in wie se midde die volkskerk as draer van die Evangelie leef en werk'.

Die siening dat 'n gelowige huisgesin die normale bousteen is waarmee die gemeente opgebou word, word grootliks deur Noordmans (1984:447) gedeel. Hy verklaar dan ook in hierdie verband dat juis dit 'stempelt een gereformeerde kerk in de goede zin des woords tot een volkekerk'. As sodanig beskou, staan kerk en volk nie

* Referaat gelewer tydens die Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 20 November 1990.

teenoor mekaar nie, maar word die kerk, wat God se volk is, sigbaar in die lewe van die volk.

In die periode onder bespreking betuig die Nederduitsch Hervormde Kerk hom intens verbonde met die Afrikanervolk; tot dié mate selfs dat die stuk geskiedenis van die een nie sonder die ander verstaan kan word nie.

Vanweë die Nederduitsch Hervormde Kerk se verbondsmatige kerkbeskouing (Pont 1990:5) het die kerk nie verval in die negentiende-eeuse individualistiese mensbeskouing nie. Deurgaans is standpunt ingeneem teenoor die Platoniese *solo-lioquia* ten gunste van die Augustynse *Civitas Dei* waarin dit gaan om die geskiedenis en die kultuur wat die lewende God deur sy woord skep of verdelg.

Hierdie Hervormde benadering word deur Van Ruler (1945:193) so gestel:

> De God van den bijbel handelt met de volkeren der aarde; het gaat in den heelen bijbel om het koninkryk Gods en sijn gestalten in de wêreld; de boodschap is niet van etisch normatieven aard, zoodat zij een zedelijk ideaal voor het handelen van den mensch zou opstellen; ook niet van psychologisch mystieken aard, zoodat zij den weg zou beschrijven, waarlangs de mensch gered kan worden, de zaligheid vind; maar zij is van historisch-eschatologischen aard: zij beschrijft het handelen Gods met de wêreld, wat God met de wêreld doet. Daarom is de geschiedenis niet inferieur te achten aan de ziel; en daarom zyn ook de zaken van de kerk en van den staat en van de maatschappy en van die cultuur niet inferieur te achten aan het leven van de ziel. Het individuele is werkelijk niet het eigenlijke, waar het in laaste instantie toch maar op aankomt.

Wat baie duidelik blyk uit die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu, is dat (net soos die voorafgaande tydperk) die kerk solidêr met die lotgevalle van die volk was, hoewel sy grense as volkskerk nie identies was met die volk nie (Van der Westhuizen 1989:48).

## 2. KERK EN VOLK AAN DIE BEGIN VAN DIE TWINTIGSE EEU

As gelet word op die toestand van die kerk en volk met die aanbreek van die twintigste eeu, word die ondersoeker met 'n grimmige prentjie gekonfronteer. Die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk, as uitsluitlik Transvaalse Kerk, was met die eeuwisseling in 'n vernietigende oorlogstryd gewikkel met wrange gevolge. Burgerkommando's het die belangrikste deel van die Boere se weermag uitgemaak, met die gevolg dat toe die burgers opgekommandeer is, die kerklike lewe tot stil-

stand gekom het. In die Nederduitsch Hervormde Kerk waar die swaartepunt van die kerkregering by die kerkraad lê, is dit vanselfsprekend dat as die kerkraad nie funksioneer nie, funksioneer die meerdere vergaderings ook nie (Pont 1981:220-226). Saam met die burgers het die grootste gedeelte van die gemeentes se kerkraadslede opgetrek veld toe sodat die kerkraad en ander vergaderings nie kon plaasvind nie.

Die skade wat aan die kerk en volk aangerig is deur die geweld van die oorlog word weerspieël in die notule van die eerste Algemene Kerkvergadering wat vanaf 8 Junie 1903 in Pretoria in sitting was (NHKA 1903). Uit gemeentelike verslae wat by die vergadering gedien het, klink die beskrywing van die toestand wat in die kerk en onder die volk geheers het oor en oor soos 'n somber refrein op: Oral is die armoede van lidmate onbeskryflik terwyl alles in puin was. Tog was die grootste behoefte wat deur die afgevaardigdes by die vergadering uitgespreek is, die dringende vraag: '[W]anneer krygt ons kerk?' (NHKA 1903).

Lofwaardige en voortreflike vooroorlogse projekte in die kerk wat van groot betekenis vir die hele volk sou wees, is deur die oorlog lamgelê. 'n Selfstandige kerkblad, *De Hervormer*, wat vir die eerste keer in 1899 verskyn het, het net twee verskynings beleef waarna dit noodgedwonge gestaak moes word (NHKA 1903). Ondermeer is die ideaal van 'n eie teologiese opleiding, waaraan in 1890 reeds aandag gegee is, voorlopig vernietig (NHKA 1904).

Die tydstip waarop die oorlog uitgebreek het, het die Nederduitsch Hervormde Kerk besonder nadelig getref, aangesien dit so gou ná die mislukte kerkvereniging van 1886 plaasgevind het wat as sodanig die kerk nie genoeg tyd vir deeglike reorganisasie gebied het nie. Daarby was dit so dat die kerk nêrens hulp kon kry om homself op te bou nie. Die kerk moes deur die lidmate en ampsdraers, wat vanweë die oorlog verarm is, weer opgebou word. Dit alleen was moontlik in so ver die lidmate self die middele kon vind.

Wat merkwaardig is, is dat volgens die kerk se onmiddellike na-oorlogse anale, geen sweem van bitterheid bemerk word nie. Die buiteland is nie verandwoordelik gehou vir hulle leed en droewe ondervindings nie. Ook word geen aanduiding van selfbejammering deur dié bronne gereflekteer nie.

Boeiend is die wyse waarop kerkrade verantwoordelikheid geneem het vir die weduwees en wese van die oorlog. Wat veral beïndruk, is die gesagsvolle wyse waarop kerkrade wese aan lidmate toegesê het vir aanneming.

In hierdie veelbewoë tyd was dit ook kenmerkend van al die gemeentes van die kerk dat die kerklike tug onverminderd gehandhaaf is. Elke dwaling in geloof en lewe wat onder die aandag van kerkrade gekom het, is sorgvuldig behandel en in-

dien nodig is die tug streng toegepas. So het die kerk ook in hierdie tyd 'n suiwerende invloed in die volkslewe laat uitgaan.

Wat vermelding verdien, is dat onmiddellik ná die Goudoorlog van 1899-1902, die volksveraaiers en hensoppers van die oorlog as tugwaardig beskou is. Telkens is dié lidmate ingeroep om voor kerkrade hulle skuld te bely 'als hebbende gezondig tegen land en volk door de wapens te hebben opgenomen van die Engelschen' (NHKA 1904-1908).

## 3. POLITIEKE VERANDERING

Na 1910 is die lidmate van die kerk en die volk met 'n nuwe Suid-Afrika gekonfronteer. Vir die republikeinse boere wat agt jaar vantevore hulle staatkundige vryheid verloor het, was die implimentering van die Westminister demokrasie ná Uniewording in 1910 'n radikale vreemde situasie (Botes 1989:319). In die ou ZAR was daar nie iets soos politieke partye nie. Hierdie mense, (d w s die Boere van die ou Republiek) se ganse lewenstyl is hierdeur diep beïnvloed, omdat, soos Van der Walt (1969:66) dit stel, 'hulle gewoond was om aan 'n volk te dink as 'n taalgemeenskap wat beskik het oor 'n eie owerheid op eie grondgebied en waar vreemdelinge se posisie bepaal is deur die mate van vatbaarheid vir assimilasie wat hulle aan die dag gelê het, want in die politiek moes steeds rekening gehou word met "de ziel van ons volk"'. Hulle volksowerheid wat by wyse van 'n volkstemming aangewys is, is toe vervang deur 'n party-owerheid.

Die party-owerheid berus op die grondslag van organisatoriese groepvorming rondom 'n 'program van beginsels' vir die doeleindes van bewindsverowering in mededinging met en ter uitsluiting van ander dergelike willekeurige gevormde groepe of partye. Ten slotte het hulle volk, wat hulle gekoester het as 'n lewenseenheid waarbinne hulle hulle geskiedenis en tradisie geweef gesien het, as politieke faktor verbrokkel en sy lede is as enkelinge verstrooi in die burgerstaat.

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914, is hierdie party-politieke volksverdelende beginsel duidelik in die kerk gevoel. Met die aanvang van die oorlog het die Nederduitsch Hervormde Kerk uit ongeveer 17 000 belydende lidmate bestaan wat versprei was oor dertig gemeentes en deur dertien predikante bedien is (Strydom 1987:33). Hoewel die Nederduitsch Hervormde Kerk in vergelyking met die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk 'n klein kerk was, was die probleme in die spanningsvolle tyd vir eersgenoemde kerk nie minder nie. Strydom (1987:33-34) wys daarop dat '[w]aar gemeentelede tydens die Driejarige oorlog as een man saamgestaan het, was daar nou talle wat die regering se besluit om Duits-Suidwes-Afrika aan te val gesteun het, asook baie wat daarteen geprotesteer het'.

Dit het meegebring dat lidmaat teen lidmaat, Afrikaner teen Afrikaner, te staan gekom het.

In dié tyd het baie kerklike aktiwiteite tot stilstand gekom. Wat meer is, die kerk is in sy wese geraak (Strydom 1987:34). *De Hervormer* (1915a:3) rapporteer gedurende hierdie tyd: 'De onlusten in de Unie, de oorlog in Europa, de tocht voor Duits Afrika maken de menschen zenuwachtig en prikkelbaar en zijn een grote hinderpaal bij de Evangeliepredeking.'

Ernstige tweespalt het die lewe en werk van die kerk bedreig (*De Hervormer* 1915b:5-6). Diegene wat teen die owerheid se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog gekant was, het gerebelleer, terwyl daar talle regeringsondersteuners was. Om die toestand te besleg het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verteenwoordigers van al die gemeentes van die kerk opgeroep vir 'n vergadering, wat belê is vir 5 Mei 1915. By die vergadering is 'n kommissie van dertien lede aangestel om 'n herderlike skrywe, die *Ope brief* op te stel en 8 000 eksemplare te laat druk sodat elke lidmaat aangespreek kan word om die eensgesindheid in die gemeentes te herstel.

Tereg wys Strydom (1987:37) daarop dat dwarsdeur die rebellie aan die *Ope brief* vasgehou is. Die essensie van die *Ope brief* was om die strydende faksies, sonder om kant te kies, te wys op hulle primêre verantwoordelikheid teenoor God en kerk. Met hierdie brief is ondubbelsinnig verklaar dat die toenmalige Nederduitsch Hervormde Kerk bo die politiek gestaan het. Hierdie benadering geld ook vir die kerk ten opsigte van sy meerdere-vergaderings se bantering van die staking en opstand van blanke werkers in 1922 aan die Witwatersrand. Lede van die volk, waaronder ook lidmate van die kerk getel het wat by die staking betrokke was, was mense vir wie dit nie gegaan het om die uitbouing van vreemde ideologië nie, maar wel om verbeterde lewensomstandighede (Botes 1989:322). Die kerk se meerdere-vergaderings het nie kant gekies in die saak nie. Nòg die regering nòg die stakers is amptelik veroordeel vir hulle dade. Sodoende beland die kerk nie in die kolkende politieke vaarwater van dié verwarde tyd nie.

Wat die kerk wel gedoen het, was om lydende stakers se nood die hoof te bied.

> 'n Beskuldiging in Die Burger (bl 1) dat predikante van die Afrikaanse kerke in die grootste krisis van dié Kerke se lidmaat-arbeidersklas, nie leiding geneem het nie en die noodleniging van die werklose lidmaat oorgelaat het in die hande van vreemdes, geld beslis nie van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie. Onder leiding van die kerk se predikant van Johannesburg, ds L E Brandt, is op nougesette en volhardende wyse barmhartigheid aan die stakers bewys. Die gemeente

> se kerkgebou was in die dae 'n bedrywige verspreidingspunt van voedsel aan werkloses.
>
> (Botes 1989:322)

Later tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) slaag die Nederduitsch Hervormde Kerk weer eens daarin om hom nie polities te laat misbruik nie. Gedurende hierdie tyd was die Suid-Afrikaanse samelewing erg verdeeld. Verskillende politieke faksies onder die volk het bygedra tot 'n ongeëwenaarde emosioneel belaaide atmosfeer.

Die feit dat die kerk hom nie laat misbruik het deur die politiek nie, word bevestig deur *De Hervormer*, amptelike mondstuk van die kerk. Gedurende die oorlog is bitter min kommentaar gelewer oor die werklikheid van die stryd. Trouens, soms is vir maande aaneen geen melding gemaak van die oorlog en die gevolge daarvan op die front of tuis nie.

Ds van Belkum in sy rubriek *Briewe van oom Sarel* was die medewerker wat op gereelde basis die breedvoerigste uiteensetting van die oorlog gegee het. En ook het hy telkens gemaan dat die kerk nie polities na die een of ander kant toe gekompromitteer mag word nie.

## 4. DIE KERK SE BETROKKENHEID BY DIE ONDERWYS VAN DIE VOLK

Gedurende die tydperk onder bespreking het die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n beduidende rol gespeel in die voorsiening en verbetering van onderwys en opleidingsfasiliteite vir Afrikanerkinders. Dit was juis die onbarmhartige uitlewering van die Afrikanerkind aan die imperialistiese onderwysstelsel van die na-oorlogse Engelse owerheid wat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n toegewyde ondersteuner en vennoot van vele Christelik Nasionale Onderwysskole in Transvaal gemaak het (Botes 1989:189).

Nadat die Christelik Nasionale Onderwysskole in 1907 aan die regering van die dag oorgedra is, het die Nederduitsch Hervormde Kerk met voorgesette toewyding op verskeie terreine betrokkenheid by die onderwys in Suid-Afrika betoon. Die groot belangstelling in onderwyssake in daardie dae beklemtoon die tipiese volkskerklike denke van die Nederduitsch Hervormde Kerk, omdat die gedoopte kind se opvoeding en onderwys op grond van die doopbelofte nie buite die belangstelling van die kerk of ouers geval het nie.

Die groot bydrae wat die kerk in hierdie periode op tersiêre onderwysvlak gemaak het, is die eerste universitêre teologiese inrigting wat in Suid-Afrika op die been gebring is – 'n instelling wat Rautenbach (1975:475) as 'n besondere eietydse kultuurprestasie bestempel het. Die betekenis van die oprigting van die opleiding het baie bygedra tot die herlewing van die Hervormde kerkvolk se selfrespek. Pont

(1985:57) toon aan dat 'juis die Opleiding 'n uitdrukking geword het van ons kerk se wil om voort te bestaan en sy regmatige plek in ons volk se lewe in te neem'.

Van belang is ook die Nederduitsch Hervormde Kerk se bydrae gedurende die eerste helfte van die eeu op die terrein van wetenskapsbeoefening in Suid-Afrika. Die eerste paar dekades van die eeu word gekenmerk deur die besondere opkoms van die universiteitswese onder die Afrikaanssprekende deel van die bevolking. In dié tydperk was daar 'n konstante aandrang vir die beoefening van Christelike wetenskap by die inrigtings. Hervormde akademici het konsekwent afwysend gestaan teen die filosofiese sisteem wie se wortels ook te vinde is in die Neo-Calvinisme, 'n teologiese rigting wat vreemd was aan die Nederduitsch Hervormde Kerk se teologiese uitgangspunte.

Reeds in 1926 het die Nederduitsch Hervormde Kerk hom by monde van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering uitgespreek teen die skrapping van die gewetensklousule aan universiteite. Beoefenaars van die Christelike wetenskap as protagoniste vir die skrapping van genoemde klousule, se beywering vir dié aangeleentheid word gemotiveer deur die standpunt dat die wetenskappe aan universiteite gedoseer moet word op die basis van hulle sisteem (Antonites 1972:425).

## 5. FAKTORE WAT REMMEND INGEWERK HET OP DIE KERK SE WERK

Hoewel die Nederduitsch Hervormde Kerk, soos tot dusver aangetoon, intensief betrokke was by die lewe van die volk in die eerste dekades van hierdie eeu, was die kerk egter 'n minderheidskerk.

Die mislukte kerkvereniging met die gevolglike verlies aan lidmate, sowel as die toestroming van Afrikaners van buite die Boere-republiek na Transvaal, tot verstewiging van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk se getalle, was die primêre redes vir die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk se invloed algaande relatief beperk geraak het (Pont 1985:55). Daarby moet gekonstateer word dat die gebrek aan predikante gedurende hierdie periode die groei en vooruitgang van die kerk geweldig gekortwiek het. Benewens genoemde remmende faktore moet gemeld word dat die kerk vir die eerste paar dekades van die eeu arm was omdat sy lidmate brandarm was (Pont 1985:56).

In hierdie worsteljare is daar van tyd tot tyd venynige aanvalle van die kant van die leiers van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk op die Nederduitsch Hervormde Kerk gemaak. Die kerk is dikwels as 'skeurkerk' bestempel. Pont (1985:56) vat die essensie van die stryd saam deur die vermoede uit te spreek dat dit pogings was om lidmate weg te lok van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Hy wys ook op die rol wat Engelbrecht in hierdie verband gespeel het as vernaamste

woordvoerder van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die debat wat gehandel het oor die bestaansreg van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Pont (1985:56) beskrywe hierdie debat soos volg:

> Hierdie enigsins driftige debat was nie die einde van die stryd nie. Die vraag rondom die bestaansreg van ons Kerk as die wettige voortsetting van die ou Voortrekkerkerk hier in die Oorvaalse, het deur die jare al baie kerkhistorici, ampsdraers en lidmate van ons Kerk besig gehou. Die debatte, wat by wyle nogal venynig en bitter was, het geleidelik aan intensiteit afgeneem. In ons dae is dit al moeilik om so 'n kerkhistoriesie debat lewend te hou, want die bestaansmoontlikheid van ons Kerk word nie meer daardeur bedreig nie. In die twintigerjare en selfs tot in die vyftiger- en sestigerjare was dergelike aanvalle op ons kerk byna eentonig in hulle reëlmaat. Dikwels was dit ook so dat hoe onkundiger die historikus was, hoe driftiger was sy aanval. Gedeeltelik het dit ook saamgehang met die eie teologiese opvattings en dogmatiese posisie van ons Kerk. Gewoonlik is ons as liberaal beskrywe, omdat ons teologie en godsdienstige denke nie mede-bepaal word deur óf die arminiaanse Metodisme óf die negentiende-eeuse Neo-Calvinisme nie. Die argument dat ons 'n skeurkerk sou wees, het al meer onhoudbaar geword, soos historiese navorsing aangetoon het dat daar wel afskeidings van die Hervormde Kerk was, maar dat dit vir ons kerk fisies onmoontlik was om hom van 'n ander kerk af te skei of los te maak.

Met die aanbreek van die twintigste eeu het 'n groot blanke verstedelikingsproses 'n aanvang geneem. Vanweë die oorlogsverwoesting en misoeste het duisende boere 'n heenkome by die ontwikkelende stede gaan soek. Hierdie trekkers na die groot stede was egter nie by magte om die uitdagings van die stedelike fenomeen asook die kapitalistiese mynbou-ekonomie aan te spreek nie. Hulle het eintlik net 'n agrariese bestaan geken wat daartoe bygedra het dat hulle sosiale, opvoedkundige en ekonomiese mobiliteit ontoereikend was om hulself in die radikaal vreemde lewe in die stad te handhaaf. Talle van hierdie onvoorbereide, ontwrigte en verarmde mense het onvermydelik besitlose plakkers of huurders onder haglike omstandighede geword (Botes 1989:277).

Dit alles het baie sosiale probleme vir die kerk meegebring. Talle Afrikaners het in die vreemde omstandighede van die stad sedelik verword. Tog blyk dit dat die kerk vir dit alles nie teruggedeins het nie, want met beperkte middele en hulp-

kragte is veel gedoen tot die opheffing van die omstandighede van die verstedelikte Afrikaners.

Dit is vandag duidelik dat die kerk in die periode na die oorlog van 1939-1945, wanneer daar 'n welvaartgolf oor die volk spoel, in 'n totaal nuwe situasie te staan gekom het. Ná die oorlog volg ongekende groei en vooruitgang wat tot 'n hoë mate te danke is aan die toewyding van ampsdraers en lidmate gedurende die eerste vyf bewoë dekades van die eeu.

## 6. SLOTOPMERKING

Die wesenlike en belangrikste taak van die kerk is en bly die verkondiging van die evangelie van Christus. In die beskrewe periode blyk dit dat dit vir die kerk 'n saak van hoë prioriteit was.

Reeds in 1942 het Van Zyl (1942:61) verklaar dat as die kerk hom besig hou met die suiwere verkondiging van die Woord en die regte bediening van die sakramente, het die kerk meer en beter gedoen as die arbeid wat verrig is op al die ander terreine van die lewe.

As die nagelate preke van die kerk se predikante gedurende die tydvak 1900 tot 1950 teologies beoordeel word, dan kan met stelligheid gestel word dat, afgesien van normale menslike tekortkominge en kritiek wat daarteen ingebring kan word, die boodskap 'Christus is die Here' reëlmatig in die kerk opgeklink het. En, meld Van Zyl (1942:62), eers wanneer dit gebeur 'dat die Godsvolk (Kerk) die volk met die waarheid konfronteer is daar sprake van ware Christelike nasionalisme. Daarom in tye van volksnood en verwarring moet ons kerk sy roeping teenoor ons volk sterker voel deur met groter erns die Woord van God te verkondig. As ons kerk en volk ten alle tye maar besef wat ons roeping in en deur Christus is, dan is daar 'n toekoms, 'n heerlike toekoms'.

## Literatuurverwysings

Antonites, A J 1972. Die wetenskapsbegrip by die Neo-Calvinistiese Wysbegeerte. PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Botes, H J 1989. Ds L E Brandt (1873-1939): As kerklike leier en bouer. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Botha, S J (red) 1989. *Belydende volkskerk*. Pretoria: KITAL.

*Die Burger* 1922. *Die ellende aan die Rand*. 26 Mei, 1.

*De Hervormer* 1915a. *Nachtmaal te Heidelberg*. 15 April, 2, 3.

--- 1915b. *Korrespondente*. 15 April, 5, 6.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1903/1904. Algemene Kerkvergaderings. Pretoria: Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

--- 1903-1908. Kerkraadsvergaderings Zoutpansberg/Waterberg-gemeentes. Pretoria: Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Noordmans, O 1984. *Verzamelde Werken, vol 5*. Kampen: Kok.

Pont, A D 1981. Die historiese agtergronde van ons kerklike reg, vol 1. Pretoria: HAUM.

--- 1985. Feesrede ter herdenking van die vyftigjare bestaan van die kerkgebou van Heidelberg. *Almanak en Bybelse Dagboek* 79, 49-60.

--- 1986. Kantaantekeninge by 'n studiestuk. *Leer- en Lewenskwestie in Suid-Afrika* 10/1, 1-11.

--- 1990. Die Kerk as volkskerk. Referaat gelewer voor die Kongres van die Afrikaanse Gereformeerde Bond, Pretoria.

Rautenbach, C H 1975. C H Rautenbach Versamelde geskrifte, in Dreyer, P S (red), *Eietydse kultuurprestasie*, 475-487. Kaapstad: HAUM.

Strydom, S L 1987. Die rebellie van 1914 en die Nederduitsch Hervormde Kerk. BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.

Van der Walt, N G S 1969. *Die republikeinse strewe*. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Westhuizen, H G 1989. Belydende volkskerk in Botha S J (red), *Volkskerk as normale kerkbeskouing*, 48-82. Pretoria: KITAL.

Van Ruler, A A 1945. *Religie en politiek*. Nijkerk: Callenbach.

Van Zyl, F J 1942. Ons kerk en ons volk. *Die Almanak* 26, 58-62. Pretoria: NHW Pers.